


Oos-Kaap



Find us on
Facebook

SAWA Saamtrek: 23 – 25 Oktober 2015 Van Stadens Rivier Mond

Liewe Sawanante

VOLGENDE SAAMTREK:

Van Stadens Rivier Mond

Die kamp vind plaas vanaf 23 tot 25 Oktober 2015.

Dit is 'n Senior Burger Kamp en daar sal al lede van die Woensdag (21 Oktober 2015) uitgaan.

Die koste is R130 per woonwa per nag vir die eerste 4 mense vir die datums 23 tot 25 Oktober 2015. 'n Verpligte kamp fooi van R10 is ook betaalbaar. Lede wat vroër wil uitgaan, gaan die volgende tariewe betaal:

21en 22 Oktober 2015

Pensionaris: (60 jaar en ouer) R130 per nag vir die eerste 2 mense, daarna R50 per kop ekstra vir persone bo 5 jaar.

Gewone Lede: R150 per nag vir die eerste 2 mense, daarna R50 per kop ekstra vir persone bo 5 jaar.

Hulle is onder nuwe bestuur en die tariewe is so deur hulle bevestig.

Die registrasie vorms sal ook aan julle deurgestuur word en kan julle dit solank invul as julle wil en net by die hek ingee op aankoms. Die lede wat dit nie kan doen nie, kan maar inteken op aankoms. Ons sal ook die lys aanstuur vir die staanplekke geboek, **maak seker dat julle by die nommers hou asb.**

Inbetaling sal soos gewoonlik by die boekevat Vrydagaand hanteer word vir die volle tydperk van julle verblyf. Daar sal vir die Senior Burgers 'n tee wees Donderdag om 15:00 en 'n saambraai later die aand. Vrydag oggend om so 9:30am sal hulle ook saam ontbyt geniet.

Kontak asb. jou bestuurslid dat ons die nodige getalle het om met die oord te reel. Dit is baie belangrik! Van Stadens is baie vol geboek die naweek en daar het ongelukkig met hulle nuwe bestuur 'n paar staanplekke van buite lede ook tussen ons geval. **Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone.** Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nogsteeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

Mangoldspool

Die kamp vind plaas vanaf **20 tot 22 November 2015**.
Kostes is as volg: R140 per woonwa per nag.

Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

NOODHULP TYDENS SAAMTREK

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

WAPAD EN WEBWERF

Stuur asb. u nuus/foto's vir Ischke Lambrechts vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: ischke@yahoo.com

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asb. sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde boekie wil ontvang, moet u dadelik vir Ischke laat weet. Dieselfde geld ook vir die jaarprogram van 2015 en julle kan julle bestuurslid laat weet.

Daar is ook nou 'n nuwe kalender uit teen R30 elk en kan ook by julle bestuurslid of direk van Ischke af bestel en betaal word.

LEDEGELD

U moet groot asseblief u ledegeld betyds by Hoofkantoor inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerste jaar se ledegeld moet kontant betaal word. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R325; Senior Burgers: Kontant = R315; Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.

BEDRYFSFONDS

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeur word indien u dit binne die drie maande na u aansluitingsmaand kan inbetaal by Tessa. Alle bedryfsfonds vir 2016 moet asseblief teen die AJV Augustus 2016 betaal wees. Ons wil graag 'n heerlike 40 jaar verjaarsdag hou, so ons moet weet hoeveel geld ons het om te spandeer.

SAWA KENTEKENS

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Karen Rautenbach een koop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL.

Groete

Steve Lambrechts

Cell: 072 746 0625 **Epos:** info@advancedcooling.co.za

BESTUUR VAN SAWA OOS-KAAP